Sondag 30 Augustus
Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 6:1-13
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 6:4 (AFR53)

## Om geduldig te werk

Geduld – dit is 'n woord wat maklik is om te sê, maar moeilik om toe te pas. Paulus beskryf die bedieningswerk wat hy en sy metgeselle onder die Korintiërs verrig het as bediening wat "baie geduld" geverg het. Inderdaad, as bedienaars van God kan ons op die grond wat Hy onder ons voete plaas plant en water gee, maar dit is God wat laat groei. Daarop kan ons slegs geduldig wag.

Die oorspronklike woord wat hier vertaal word met *geduld* is 'n woord wat uit die Griekse sportwêreld ontleen is. Dit hou die gedagte in van 'n gewigopteller wat 'n swaar gewig bo sy kop uitstoot en wat vir 'n tyd lank onder daardie gewig staande bly. "Volharding" of "uithouvermoë" is woorde wat hierby pas.

So gaan dit dikwels in die dienswerk wat die Here op ons lê. Dit is nie altyd lig nie. Inteendeel, Paulus beskryf in 'n ketting van gedagtes die een na die ander swaar gewig waaronder hulle moes staande bly (vs 4-7). Daar kom tye dat dit voel of jy eerder die gewig op die grond moet laat val, maar dan roep God op: Geduld!

Die wonder van geduld is dit is deel van die vrug van die Gees. Die Gees werk in ons die volharding om te kan uithou in dit waarmee ons besig is – al weeg dit ook bitterlik swaar. Trouens, Hy gee ook die krag om die bediening wat Hy op ons lê, te vervul.

Op die grond waarop die Here jou plaas, dien en werk dus ywerig, plant en gee water. En wag geduldig op God wat laat groei.

*Sing: Psalm 1-1:2*

*Ds. MD (Dirk) Meijer (Bloemburg)*